

SLOWENIË EN PASSIESPEL

11 – 20 September 2022

September

So 11 JOHANNESBURG – FRANKFURT

Ons ontmoet mekaar om **16:00** by **Lufthansa** se inweegtoonbanke op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** vir **Vlug LH 573** wat om **19:00** na **Frankfurt** vertrek.

Ma 12 FRANKFURT – LJUBLJANA – BLEED

Ons land vanoggend om **05:35** in **Frankfurt** en vertrek om **11:30** met **Vlug LH 1458** na **Ljubljana**, waar ons om **12:45** arriveer. Per bus voort na **Bled**, waar ons vier nagte bly.

Ons kry geleentheid om 'n klein rukkie in **Ljubljana**, die pragtige hoofstad van Slowenië, te vertoef. Hierdie polsende studentestad wat ook as 'n 'groen' stad beskou word, is pragtig geleë aan albei oewers van die Ljubljanicarivier, met 'n Middeleeuse kasteel wat bo die stad uittoon. Stap gerus oor een van die menige bruggies, drentel in die voetgangerslaan of geniet iets te drink in 'n straatkafée sodat u die atmosfeer van hierdie stad kan beleef.

Daarna vertrek ons na Bled, waar diegene wat nie te moeg is nie, die omgewing rondom die meer kan verken. Aandete en oornag in ons hotel.

Di 13 BLEED

Vandag besoek ons die pragtige Bohinjmeer en -vallei. Dis die bekendste gletsermeer in die vallei van die Julian-Alpe. Hierdie gebied is al as 'die mooiste vallei op aarde' beskryf. Ons vaar op die meer en onderneem 'n kabelrit tot bo-op die hoogste punt van die Vogelberg, van waar ons 'n asemrowende uitsig het. Vanmiddag stap ons 'n pragtige roete deur die Vintgarkloof, waar die Radovnarivier kristalhelder deur verskeie poele en watervalle vloei. Daarna volg 'n besoek aan die Bled-kasteel. Ons geniet weer aandete en 'n goeie nagrus in ons hotel.

Wo 14 BLEED

Ons volg vanoggend 'n skilderagtige roete deur die Kropavallei, waar dit komplete lyk asof tyd stilstaan. Ons reis onder andere deur die Karstgebied met 'n ongewone skoonheid in die suidwestelike deel van Slowenië. Ons bring 'n besoek aan die Postojna-grotte, een van die grootste en indrukwekkendste grotstelsels ter wêreld. 'n Mens verken die grotte eers te voet en neem daarna 'n elektriese treintjie deur 'n deel daarvan.

Ons geniet aandete in die hotel.

Do 15 BLEED – TARVISIO – BLEED

Vandag ervaar ons die pragtige natuurskoon van Slowenië wanneer ons 'n uitstappie na die hart van die Julian-Alpe onderneem. Ons ry teen die hoogste bergpas in Slowenië deur die Triglav Nasionale Park. Ons steek die grens oor en besoek **Tarvisio** – 'n dorpie in Italië waar wonderlike leerprodukte o.a. by die plaaslike mark te koop is. Oornag vir oulaas in Bled.

Vr 16 BLEED – SALZBURG

Vanoggend vertrek ons per bus van Bled na die musiekstad **Salzburg** in Oostenryk. Salzburg is die vierde grootse stad in Oostenryk en een van die mooistes! Die stad is pragtig geleë tussen twee heuwels, die Mönchs- en die Kapuzinerberg. Vanaf albei heuwels het 'n mens 'n fantastiese uitsig oor die Salzachrivier wat dwarsdeur die stad stroom. Die Salzach deel Salzburg in twee: die Ou en die Nuwe Stad.

Die *Altstad* (Ou Stad) lê aan die voet van die Mönchsberg. Vesting Hohensalzburg, die grootste Middeleeuse kasteel van Europa wat in geheel bewaar gebly het, lê op dié berg. Die beste manier om by die belangrikste besienswaardighede van Salzburg uit te kom, is te voet omdat 'n mens die meeste interessante plekke nie per bus kan bereik nie. Onder leiding van ons toerleier stap ons deur die bekende Mirabelltuine, die Middeleeuse Getreidegasse (koopstraatjie), verby Mozart se geboortehuis en oor die Mozartplein tot by die indrukwekkende katedraal – die *Salzburger Dom*.

Vanaand is daar geleentheid vir 'n opsionele musiekkonsert in die bekende Marionette- of een van die ander teaters in die 'Mozartstad'.

Sa 17 SALZBURG – OBERAMMERGAU

Die weer sal vandag se roete bepaal. Dit is moontlik om Herrenchiemsee of die omgewing rondom Königsee op pad na ons volgende bestemming te besoek. Dan voort na Oberammergau, waar ons die volgende twee nagte in die omgewing tuisgaan.

So 18 OBERAMMERGAU

Hierdie eg-Beierse dorpie is wêreldberoemd nie net weens die **Passiespel** nie, maar ook as gevolg van die pragtige muurskilderye, ongelooflike houtsneewerk en blommeprag in die dorp. Oberammergau is ook 'n gewilde wintersport- en kuuroord en is 'n paradys vir natuurliefhebbers.

Vanoggend het ons tyd om hierdie skilderagtige dorpie te verken en inkopies te doen.

Vanmiddag breek die hoogtepunt van ons toer aan: Die tienjaarlikse Passiespel! Hierdie aangrypende uitbeelding van Jesus Christus se lyding, kruisdood, opstanding en hemelvaart word net elke tien jaar in Oberammergau aangebied. Die eerste gedeelte begin om **14:30**. Tydens pouse word aandete in 'n plaaslike restaurant of gastehuis bedien. Die tweede toneel begin om **20:00** en duur tot **22:30**. 'n Gratis pendeldiens is tussen ons hotel/gastehuis en die sentrum van Oberammergau beskikbaar.

Ma 19 OBERAMMERGAU – ZÜRICH

Ons ry vanoggend per bus na **Zürich** vir ons aansluitingsvlug om **22:40** na Suid-Afrika.

Di 20 JOHANNESBURG

Aankoms om **09:10** in **Johannesburg** ná 'n onvergeetlike toer.

Hierdie program is aan veranderings onderhewig indien onvoorsiene omstandighede dit noodsaak.